Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

**UNIVERSITEIT STELLENBOSCH**

**FAKULTEIT OPVOEDKUNDE**

# RIGLYNE EN PROSEDURES VIR KEURING: BEd (INTERMEDIêRE FASE ONDERWYS)

## 1. DOEL EN RASIONAAL

### 1.1 DOEL VAN DIE FAKULTEIT OPVOEDKUNDE SE INSKRYWINGSBESTUUR- EN KEURINGSTELSEL

1.1.1 Om die inname van nuweling eerstejaarstudente te beperk ten einde die 2019-Raadsteiken vir die US te kan bereik;

1.1.2 Om die groei van die studentegetalle tot die vlakke te beperk soos aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding vir subsidie voorgelê, en

1.1.3 Om die diversiteit van die studente binne die betrokke program volgens gestelde teikens te behaal.

## 2 PROGRAM: BEd (INTERMEDIêRE FASE ONDERWYS)

### 2.1 TYDPERK VAN PROGRAM

Hierdie voorgraadse program strek oor vier akademiese jare.

### 2.2 DOELSTELLING VAN BED (INTERMEDIÊRE FASE ONDERWYS)-PROGRAM

Die hoofdoel van die vierjarige BEd (Intermediêre Fase Onderwys)-program is die aanvanklike opleiding van onderwysers vir die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase binne die Intermediêre Fase.

### 2.3 TOELATINGSVEREISTES

2.3.1 Toelating tot die BEd (Intermediêre Fase Onderwys)-program is aan keuring onderworpe en slegs 'n beperkte getal plekke is volgens die Amptelike Inskrywingsteikens (AIT's) beskikbaar. Akademiese oorwegings geld in die keuringsproses en voldoening aan die minimum toelatingsvereistes waarborg nie keuring nie.

2.3.2 Die minimum toelatingsvereistes waaraan gekeurde kandidate by registrasie as student vir die program moet voldoen, is die volgende:

2.3.2.1 Die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of *Independent Examinations Board (*IEB)-sertifikaat, soos gesertifiseer deur Umalusi, met ‘n punt van minstens 4 (50%) in vier aangewese universiteitstoelatingsvakke. Daar moet op die sertifikaat gesertifiseer word dat die kandidaat toelating tot Baccalaureusgraadstudie verwerf het.

2.3.2.2 ’n Gemiddelde persentasie van minstens 60% behaal vir die NSS of IEB (Lewensoriëntering uitgesluit).

2.3.3 Die volgende spesifieke vereistes geld ten opsigte van taalvakke en wiskunde:

*2.3.3.1* **Afrikaans**: *Indien u onderrigtaal in Graad 12 Afrikaans was, moet u* soos volg *in TWEE van die onderstaande taalvakke* presteer *het:*

- Vlak 5 (60%) vir Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) en
- Vlak 4 (50%) vir Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) of
- Vlak 4 (50%) vir IsiXhosa (Huistaal of Eerste Addisionele Taal).

*2.3.3.2* **Engels**: *Indien u onderrigtaal in Graad 12 Engels was, moet u* soos volg *in TWEE van die onderstaande taalvakke* presteer *het:*

- Vlak 5 (60%) vir Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) en
- Vlak 4 (50%) vir Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) of
- Vlak 4 (50%) vir IsiXhosa (Huistaal of Eerste Addisionele Taal).

Die Fakulteit volg ‘n taalbeleid wat beoog om meertaligheid binne die Wes-Kaap konteks te bevorder waar Afrikaans, Engels en IsiXhosa die mees dominante tale is. Vir professionele onderwysersopleiding is dit noodsaaklik dat studente spesifiek ook vir hierdie geografiese konteks voorberei word. Om hierdie rede is daar drie taalbane binne die program geskep wat studente kan aanbied, te wete Afrikaans, Engels en IsiXhosa. In die programstruktuur word daar dus vir hierdie drie taalbane voorsiening gemaak.

2.3.3.3 **Wiskunde**: Vlak 3 (40%) vir Wiskunde ***of*** Vlak 5 (60%) vir Wiskundige Geletterdheid [LW: Studente wat vóór 2008 die skooleindeksamen afgelê het, moet minstens Wiskunde Standaardgraad (SG) op Graad 12-vlak geslaag het.]

## 2.4 VOORVEREISTES VIR ONDERRIG VAKKE

BEd Intermediêre Fase Onderwys studente moet minstens twee keusemodules volg in hul eerste studiejaar wat as moontlike onderrig vakke sal dien. Die volgende voorvereistes is van toepassing met betrekking tot keuse modules / onderrig vakke:

### 2.4.1 Sosiale Wetenskappe:
’n Minim prestasie van ’n Kode 4 (50%) vir Geskiedenis OF Geografie op ’n Graad 12 (Senior Sertifikaat of IEB eksamen) vlak

### 2.4.2 Natuurwetenskappe:
’n Minim prestasie van ’n Kode 4 (50%) vir Lewenswetenskappe OF Fisiese Wetenskappe op ’n Graad 12 (Senior Sertifikaat of IEB eksamen) vlak

### 2.4.3 Lewensvaardighede:
Geen voorvereistes is van toepassing nie.

## 3 AANSOEK- EN KEURINGSPROSES

### 3.1 AANSOEKPROSES

3.1.1 Potensiële kandidate moet voor 31 Julie van die voorafgaande jaar aansoek doen om toelating tot die BEd (Intermediêre Fase Onderwys)-program.

3.1.2 Keuring vind plaas in die eerste twee weke van September.

3.1.3 Na afloop van die keuringsvergadering word applikante skriftelik van die keuringsuitslag in kennis gestel en versoek om voor of op einde 31 September hulle offer te aanvaar.

3.1.4 Indien nodig word n tweede keuringsvergadering gehou en studente moet binne 3 dae hule offer aanvaar.

3.1.5 Die plekke van aansoekers wat nie teen die keerdatum op die aanbod reageer nie, word gekanselleer.

### 3.2 ALGEMEEN

3.2.1 Die BEd (Intermediêre Fase Onderwys)-program is ’n keuringsprogram en in die lig van die Amptelike Inskrywingsteikens (AIT’s) vir die twee BEd-programme in die Fakulteit, is ’n beperkte aantal plekke vir die program beskikbaar.

3.2.2 Slegs akademiese oorwegings en die program se diversiteitsamestelling van toegelate studente, word in die keuringsproses in ag geneem. Nie-akademiese oorwegings soos leierskap, gemeenskapsdiens, sportprestasies en aanduidings van besondere belangstelling in die onderwys, word nie in aanmerking geneemnie.

3.2.3 Aangesien nie alle gekeurde kandidate die keuringsaanbod aanvaar nie, word daar meer kandidate gekeur om te kompenseer ten einde die AIT van 235 vir die twee BEd-programme van die Fakulteit in totaal te bereik. ’n Oorboekkoers word jaarliks bepaal, onder meer met verwysing na registrasietendense sedert die instelling van die NSS in 2009.

3.2.4 Voldoening aan die minimum toelatingsvereistes waarborg nie suksesvolle keuring nie.

### 3.3 GETAL PLEKKE

3.3.1 Daar is ’n maksimum van 120 plekke vir eerstejaars binne die BEd (Intermediêre Fase Onderwys)-program beskikbaar. (Die Amptelike Inskrywingsteikens (AIT) van die US Raad vir beide BEd-programme binne die Fakulteit is 235.)

3.3.2 Die eerste 75 plekke word volgens akademiese meriete toegeken deur die aansoeke in meriete-orde van 1 tot 75 te rangskik, ongeag bevolkingsgroep, herkoms of ander oorwegings.

3.3.3 Benewens die plekke aan bruin, swart en Indiër-studente toegeken wanneer die aanvanklike lys opgestel word, word daar dertig (30) van die 120 plekke vir bruin-, swart- en Indiër-studente geoormerk ten einde ’n diversiteitsteiken van ’n minimum van 26% vir eerstejaars vir die fakulteit te behaal.

3.3.4 Vyftien (15) van hierdie 120 plekke word vir diskresionêre gevalle geoormerk. Hierdie plekke kan op grond van die dekaan se diskresie (of sy/haar gevolgmagtigte) toegeken word. Indien al 15 plekke nie op grond van laasgenoemde oorwegings gevul kan word nie, sal die res van die plekke volgens akademiese meriete toegeken word.

**3.4 TOEKENNING VAN PLEKKE**

**3.4.1 Kandidate wat nog nie oor NSS beskik nie (huidige skoliere)**

3.4.1.1 Die eerste 75 plekke sal toegeken word volgens akademiese meriete deur dit in merieteorde van 1 tot 75 te prioritiseer en wel op die volgende wyse: 1 is die hoogste gemiddelde van die Graad 11-persentasie (Lewensoriëntering uitgesluit), die 2de plek is die tweede hoogste persentasie, ensovoorts tot by 75, ongeag bevolkingsgroep, herkoms of ander oorwegings. ’n Addisionele dertig (30) plekke word vir BSI-studente geoormerk.

3.4.1.2 Indien daar nie genoeg aansoekers uit die BSI-kandidate is om die vermelde 30 plekke (vergelyk 3.3.3) te vul nie, word die oorblywende plekke uit die res van die aanvanklike lys gevul.

3.4.1.3 Vir keuring om toelating tot die vierjarige program vir die BEd Algemene Onderwys- en Opleidings (Intermediêre Fase)-graad, moet daar aan die toelatingsvereistes soos in paragraaf 2.3 uiteengesit, voldoen word:

**3.4.2 Kandidate wat reeds in besit is van ’n NSS (afgestudeerde skoliere)**

3.4.2.1 Aansoekers wat reeds in besit is van ’n skooleindsertifkaat, vorm deel van die 75 plekke. Keuring vind plaas op grond van die gemiddelde persentasie van hul NSS- of IEB-uitslae (Lewensoriëntering uitgesluit) of ander skooleindsertifikaat.

3.4.2.2 Sien ook 2.3 in verband met voldoening aan die algemene toelatingsvereistes van die US, sowel as aan die betrokke BEd-program se spesifieke toelatingsvereistes.

**3.4.3 Huidige studente**

3.4.3.1 Slegs ’n beperkte aantal plekke word vir huidige studente geoormerk. Hierdie plekke vorm deel van die 15 plekke wat vir die diskresionêre gevalle geoormerk word.

3.4.3.2 Hierdie plekke word geoormerk vir studente van hierdie universiteit, asook studente van ander universiteite.

3.4.3.3 Hierdie groep word hoofsaaklik gekeur op grond van akademiese oorwegings waar beide die finale NSS-uitslae en die prestasie in die universiteitsprogram waarvoor hulle tans ingeskryf is, oorweeg word.

3.4.3.4 Aansoekers in hierdie kategorie moet steeds aan hierdie BEd-program se spesifieke toelatingsvereistes voldoen.

3.4.3.5 Akademiese oorwegings

- Studente moet normaalweg 'n gemiddeld persentasie van minstens 60% in hul finale NSS-eksamen behaal het, en
- Studente moet minstens 50% van die krediete van die huidige jaargang van die betrokke program waarvoor hulle tans ingeskryf is, geslaag het.

3.4.3.6 Keuring vir hierdie groep vind in Desember van die voorafgaande jaar in 'n derde keuringsrondte plaas nadat die finale eksamen-uitslae bekend is

**3.5 ANDER AANSOEKERS (INTERNASIONAAL EN KANDIDATE WAT NIE DIE NSS OF IEB AFGELÊ HET NIE)**

3.5.1 Aansoekers wat nie die NSS of IEB eksamens afgelê het nie (byvoorbeeld die Cambridge-eksamens, Tuisskool, *School of Tomorrow* en so meer, asook die vorige Suid-Afrikaanse Senior Sertifikaat wat tot in 2007 bestaan het) of internasionale aansoekers, word soos volg in die keuringsproses hanteer:

3.5.1.1 Aansoekers in besit van 'n Suid-Afrikaanse Senior Sertifikaat wat in 2007 of vroeër behaal is, se gemiddelde persentasie in hulle skooleindeksamen word gebruik wanneer die keuringslys opgestel word met die oog op die vulling van die eerste 150 plekke.

3.5.1.2 Ander aansoekers se skooleindsertifikaat word vir validering na die US se Internasionale Kantoor verwys en 'n omrekeningstabel (opgestel en bygehou deur die Registrateurskantoor in samewerking met die Internasionale Kantoor) word gebruik om 'n vergelykbare gemiddelde skooleindpersentasie aan hulle toe te ken wat gebruik word wanneer die keuringslys opgestel word met die oog op die vulling van die eerste 75 plekke.

3.5.2 Die volgende spesifieke vereistes geld ten opsigte van tale vir studente wat nie twee van die voorgeskrewe tale (Afrikaans, Engels of IsiXhosa) op 'n Graad 12-vlak (of internasionale ekwivalent) voltooi het nie:

3.5.2.1 'n Prestasie van 60% word vereis vir minstens twee van die volgende tale: Afrikaans of Engels of IsiXhosa (Huistaal of Eerste Addisionele Taal)

3.5.3 Die spesifieke wiskunde vereistes is dieselfde as verskaf in 2.3.3.3.

## 4. KEURKOMITEE

4.1 Die Keurkomitee vir die BEd Intermediêre Fase Onderwys-program word as volg saamgestel:

4.1.1 Die programleier van die BEd Intermediêre Fase Onderwys-program as Voorsitter van die keurkomitee.

4.1.2 Minstens twee lede van die BEd-programkomitee, die programkoördineerder uitgesluit.

4.1.3 Die Visedekaan (Onderrig en Leer) as verteenwoordiger van die Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde of sy/ haar gevolmagtigde.

4.1.4 Die Fakulteitsekretaris (of gevolmagtigde) as verteenwoordiger van die Registrateur.

4.2 Die Keurkomitee kan enige persoon wat ’n toepaslike inset kan lewer, op die Keurkomitee koöpteer.

**PROF MR MADIBA**
**Dekaan: Fakulteit Opvoedkunde**

18 Maart 2026

**PROF O KOOPMAN**
**Waarnemende Visedekaan (Onderrig en Leer)**

18 Maart 2026